# Bybelkoerant gesels met Josef

## Ek moes met ’n swanger vrou trou

Sy donkerbruin oë wyk nie voor jou blik nie. Om sy oë is daar baie lagplooitjies, sodat jy dadelik weet: hierdie man se hart is vol vreugde. Maar hy is stillerig, ongemaklik oor die aandag wat skielik op hom val. Af en toe vee hy effens

gespanne met ’n growwe skrynwerkershand oor sy ruie baard of oor sy hare. “Ek sal liewer vir jou ’n tafel maak as om ’n onderhoud te doen,” erken hy skamerig.

Josef ben Jakob is aan al ons lesers goed bekend, nie soseer oor wie hý is nie, maar oor wie sy vróú is. Hy is die man van Maria die ma van Jesus.

Josef vertel: “Dit bly my steeds verbaas dat die Here God vir Maria en vir my uitgekies het om sy Seun groot te maak. Wie is ons nou eintlik, per slot van sake? Ons is albei eenvoudige mense, sonder danige geleerdheid of status. Goed, ons kan albei ons afkoms terugvoer na koning Dawid, maar ek sou myself nou nie juis uitsonder as een van die elite in Israel nie. My ouers was ook maar bitter eenvoudig. Pa was net soos ek ’n skrynwerker. Dit is die enigste lewe wat ek ooit geken het. Vroom, ja, dit was Pa-hulle, en so het hulle ons ook grootgemaak: met ’n heilige ontsag vir die Here God en vir die dinge van die Here en vir die wette van Moses. Hy het altyd gesê die vrese van die Here is die beginsel van die wysheid. Dit het vir my as jong kind baie vreemd geklink, dié ouerige sê-ding, en dan het ek gewonder of dit beteken ons moet vir die Here bang wees? Later eers het ek besef dat daar ’n verskil is tussen bang wees en ontsag en respek hê.”

## *my kop wou dit nie vat nie*

Josef pluk-pluk aan sy baard voordat hy aangaan: “So jy sien, ek was baie gesteld daarop om streng volgens die wette van Moses te lewe. Dis hoe ek geleer is. Jy kan jou voorstel watter skok dit vir my was toe ek uitvind my verloofde is swanger. Ek onthou tot vandag nog hoe naar ek was toe Maria dit vir my vertel het, en hoe teleurgesteld ek in haar was. Want jy moet weet, ék was nie die pa van haar baba nie, daarvan was ek baie seker. Sy het vir my vertel dat sy nie by ’n man was nie, en dat die lewe in haar van God self kom, maar my kop wou dit nie vat nie. Ek het gedink dis ’n liegstorie wat sy uitgedink het om haarself te verontskuldig. Ek was in ’n bitter groot dilemma. Ek was lief vir haar – sy is ’n wonderlike mens, jy weet – maar ek het nie kans gesien om met

haar te trou as sy al voor ons huwelik begin rondslaap het nie. My ma het altyd vir my gesê ’n mens verander nie ten goede na die huwelik nie, so as ek voor die huwelik goed ontdek waarvan ek glad nie hou nie, moet ek die meisie los, want dit sal nie na die huwelik eensklaps regkom nie.”

Josef kyk met daardie bruin kykers van hom diep in my oë, asof hy by my begrip soek, en ek knik onwillekeurig. Dan vertel hy verder: “Ek kon haar seker by die stadsvaders gaan verkla het as ek wou. Hulle sou haar op die daad gestenig het, daarvan is ek seker. Hulle het nie tyd vir vroue met losse sedes nie. Dít wou ek darem ook nie hê nie. Toe besluit ek om liewer ons verlowing stilletjies te verbreek. Dit was nie ’n maklike besluit nie, want ek was lief vir haar, maar ek het gedink dis die beste onder die omstandighede.

“Toe, een nag, verskyn ’n engel aan my en sê ek moenie bang wees om met Maria te trou nie, want dit is die waarheid wat sy gepraat het. Haar baba kom van God af. Ek was so verlig, ek het net daar opgespring en na haar huis toe gegaan. Sy was baie bly, soos jy kan dink.

## *Mense kan nogal wreed wees*

“Maar soos die tyd aangestap het, het ek besef dis nie ’n maklike ding om aan ’n swanger meisie verloof te wees nie. Almal het geglo ek is die pa van Maria se ongebore kind. Mense kan nogal wreed wees. Skimpe en openlike beskuldigings, werkskontrakte wat skielik en sonder verduideliking opgesê word, vriende wat jou die rug toekeer, al daardie dinge is ek deur.

“Partykeer het ek getwyfel. Ek het dikwels gewonder of ek nie die droom van die engel opgemaak het omdat ek graag vir Maria wóú glo nie. Dan sê ’n stemmetjie hier in my agterkop vir my ek moet haar los, die swangerskap is háár probleem, nie myne nie, en dat ek nie die komplikasies van haar swangerskap nodig het nie. Maar die Here gee baie genade vir ’n mens. Hy vra nie van jou om iets te doen sonder om ook vir jou die krag daarvoor te gee nie. Dit het ek uitgevind. En dis wonderlik om

te ontdek dat sy genade vir jou genoeg is. Dit maak al die swaarkry dubbel en dwars die moeite werd."

Sy glimlag is breed as hy sê: "Of ek dit weer sal doen? Maar natuurlik! Niks is meer opwindend as om deel te wees van God se plan nie. Jesus was van die begin af net een groot vreugde in ons huis. En buitendien, ek is lief vir Maria. Sy is 'n vrou duisend."

## Profiel van Josef:

Hoe het jy jou vrou ontmoet?
*Ek ken haar al van kleins af, maar daar was niks tussen ons nie. Toe, een middag laat, was ek baie dors. Ek is af na die spruit om 'n bietjie water te gaan skep. Sy het op 'n rotsbank langs die water gesit, met die laatmiddagson in haar hare … Toe was alles oor. Ek het op daardie oomblik my hart verloor.*

Watter eienskap van jou vrou is vir jou die mooiste?
*Haar toewyding aan God.*

Watter dinge maak jou bly?
*My vrou se glimlag, 'n mooi sonsondergang, 'n voltooide meubelstuk.*

Wat maak jou bang?
*Ek is bang ek sal nie die Here se vertroue in my om sy Seun groot te maak waardig wees nie.*

Wat maak jou kwaad?
*Onbeskofte mense.*

Wat is jou gunsteling gereg?
*Lensiesop en roosterkoek.*

En jou gunsteling drankie?
*'n Sluk water uit die bergstroom agter Nasaret.*

Stokperdjies?

*Ek hou daarvan om in die veld te gaan stap, veral vroegoggend as die dou nog op die blare blink en daar so ’n byt in die lug is. Dit maak jou kop skoon.*

Wat is die grootste fout wat jy nog gemaak het?
*Die dag toe ek besluit het om ons verlowing stilletjies te verbreek. Gelukkig het God dit verhoed!*

Wat was die grootste oomblik in jou lewe?
*Sekerlik die nag toe Jesus gebore is, daar in Betlehem. Ek sal dit nooit vergeet nie. Alles was so stil, en dit het om ons na vars strooi geruik. Vreemde mense was by om Maria te help met die geboorte. Ek was baie senuweeagtig en bang iets loop verkeerd, en ek het baie gebid. Toe ek weer hoor, klink ’n babastemmetjie in my ore op, en Maria roep my om na haar Baba te kom kyk. Ek het my vinger in sy handpalmpie gesit, toe vat Hy my vinger vas. Toe was dit asof die hemelse vrede oor my neerdaal.*

En die benoudste oomblik?
*Dit was die nag nadat ’n paar geleerde manne uit die Ooste ons kom besoek het. ’n Engel het my in ’n droom gewaarsku dat ons moet vlug, want Herodes wou Jesus doodmaak. Ons het sommer daardie selfde nag nog na Egipte gevlug. Net buite Betlehem het ons ’n afdeling soldate teëgekom, en ek het gedink dis klaarpraat, maar hulle het hulle nie aan ons gesteur nie. Ongelooflik, nè?*

Waarvan hou jy die minste?
*Om te draf. Ek haat dit. My pa het altyd gesê mense wat draf, sal kinders ook eet!*

Wat is jou ideaal in die lewe?
*Om ’n goeie man vir Maria te wees, en ’n goeie voorbeeld vir ons kinders.*

Watter raad wil jy vir ons lesers gee?
*Behalwe dat jy die Here jou God moet liefhê met alles wat jy het? Ag nee wat, ek is nou nie juis ’n ou wat vir ander raad kan gee nie, ek sukkel self te veel. Maar as ek iets móét sê, sou ek sê: Dink aan die mooi dinge in die lewe. Moenie op die*

*lelike goed om jou konsentreer nie.*

*Josef se storie word in Mat 1:18-23 vertel.*

## Onlangse Bydraes

- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming
- Lot

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026